LOGOS

t +27 21 919 3338
f +27 21 919 8871
3 Hebron Street
Oak Glen
Bellville 7530
PO Box 187

5 Februarie 2021

Liewe Ouers,

Dit is vir ons so voorreg om vir jou WELKOM te se by die Kinder- en Jeug Bediening van Logos. Ons hart is om saam met jou, God se Genade, Liefde en Hoop vir elke kind 'n realiteit te laat wees. Dat sy/haar vandag, en more, daarvolgens leef... 'n Lewensstorie gevul met God se beloftes vir hom/haar.

'n Skrif wat ons graag met jul deel vir 2021 is Deut. 6:7: *"Repeat God's Way of Living again and again to your children. Talk about them when you are at home and when you are away on a journey, when you are lying down and when you are getting up again"*

Met soveel dankbaarheid in ons harte kan ons steeds die voorreg deel om via tegnologie met elke kind in die gemeente kontak te hê. Kommunikasie en verhouding tydens Covid-tye bly 'n uitdaging, en in baie opsigte onnatuurlik, maar ons vertrou dat met genoegsame geduld, keuses en kreatiwiteit, ons steeds in vennootskap met elke ouer, waarde kan toevoeg tot die Geestelike Groei van ons kinders.

Totdat ons sekerheid het rondom die byeenkomste van die gemeente, wil ons graag via verskeie tegnologiese metodes, onder andere op die volgende tema's fokus in die volgende paar maande:

- Elke liewe kind en tiener se persoonlike verhouding met Jesus Christus
- Lewendige Hoop wat ons dra
- Die Karakter van God en die Heilige Gees
- Om Gebed te ontsluit in elke kind
- My Keuses...

Ons is opgewonde oor verskeie kreatiewe metodes tuis as individue of as gesin, om hierdie aspekte te laat groei in onsself en in die kinders:

- Storievertelling
- Verskeie Speletjies
- Tuis-Video's
- Luister-Begrip-en-Praktyk-Vaardighede van die Woord

Wanneer ons dienste weer terugkeer na normal, is elke eerste Sondag van die maand 'n GESINS- DIENS! 'n Wonderlike geleentheid vir jou gesin om saam in die kerk na die woord van die Here te luister en te aanbid!

Graad 1-12 deel elke Sondag saam met die gemeente in die Lofprysing! Kinders kom direk kerk-sentrum toe saam met hul ouers. Jou kind kan by jou sit, of daar is spanlede wat by die trappe (naaste aan die Saal) sal wees om jou kinder(s) te ontvang, saam op die trappe sit/staan tydens lofprysing. Daarna beweeg die kinders saam met die leiers na hul onderskeie lokale toe.

Ons is opgewonde oor 'n wonderlike jaar saam met jou en jou kind(ers)! Baie dankie vir jou volgehoue gebed en ondersteuning vir ons en die kinders.

Jy is welkom om vir Letsie de Beer te kontak met enige navrae of voorstelle: 063 691 5168.

Met Liefde,
Kinder- en Jeugspan